# HOOFSTUK 9.

## Die toerusting van die onderwyserskorps vir die laerskool.

### 1. Inleiding.

Die onderwyserskorps het volgens skrywer se mening tot dusver nog nie die volwaardige erkenning van owerheidsweë as 'n selfstandige samelewingsvorm met soewereiniteit in eie kring verkry nie.

Veelal word die onderwyserskorps vereenselwig met die staat, die goewerment of die provinsiale owerhede.

Hierdie beskouing kry in die samelewingswerklikheid sy beslag, aangesien 'n onderwyser wat lid is van 'n wetlike erkende onderwyserskorps, byvoorbeeld slegs deur middel van sy skoolhoof 'n afspraak met 'n Departementele amptenaar moet maak vir 'n besoek om die een of ander rede. Die professioneel en akademies-professioneel opgeleide onderwyser word te woord gestaan deur 'n administratiewe amptenaar.

Skrywer se kontensie is dat wanneer 'n provinsiale owerheid op 'n gesonde wyse georganiseer is, die lede van 'n wetlik erkende onderwyserskorps deur hulle gelykes in administratief-akademies-professionele hoedanigheid te woord gestaan behoort te word.

Uitbreiding met die oog op differensiasie en spesialisasie het 'n absolute noodsaaklikheid geword. Geen onderwyser behoort „met sy hoed in die hand" ondergeskik aan 'n administratiewe amptenaar te wees om deur laasgenoemde van bakboord na stuurboord rondgestuur te word nie. Die onderwyser ontleen sy gesag en mag aan die beginsel van

soewereiniteit in eie kring: 'n selfstandige konstante samelewingsvorm wat neweskikkend, gekoördineerd en in vervlegting met die gesin, kerk, staat ens. staan.

Om die belangrikheid van hierdie opvatting aan te toon gee ons nou :

2. <u>Die sosiologiese struktuuranalise van die onderwyserskorps.</u>

a. <u>Die historiese funderingsfunksie van die laerskoolonderwyserskorps.</u>

Die ontstaan van die onderwyserskorps in die onderskeie provinsies van Suid-Afrika reik ver terug in ons vaderlandse geskiedenis.

Die onderwyserskorps wat van owerheidsweë wetlike status en erkenning geniet, is daardie vereniging waaraan die georganiseerde onderwysprofessie met sy duisende akademies-professioneel of net professioneel opgeleide onderwysers mag behoort.

Die erkende onderwysersverenigings is die enigste wetlike en demokratiese kanaal waardeur die gesamentlike monstering van die kragte van die onderwyserskorps t.a.v. onderwysaangeleenthede onder die aandag van 'n provinsiale en Uniale owerhede kan kom en waaraan 'n simpatieke oor verleen kan word.

Die funderingsfunksie van die tans bestaande onderwysersverenigings [1] of dit nou al in die Kaapprovinsie of in die Oranje-Vrystaat of in Natal of in die Transvaal of in Suidwes-Afrika is, is te vinde in die historiese aspek. Dit wil sê

---

1. Met dankbaarheid en erkentlikheid is gebruik gemaak van die ongepubliseerde verhandeling van du Preez van Wyk, A.H.: <u>Die geskiedenis van die Transvaalse Onderwysersvereniging 1893-1923</u>; Johannesburg, Nov. 1933.

dat die onderwyserskorps ontstaan uit die historiese ontwikkeling en wel as die vrug van die kultuurontwikkeling in Suid-Afrika.

Teen die agtergrond van die kultuurontwikkeling in Suid-Afrika het daar o.a. op onderwysgebied sekere behoeftes ontstaan wat in die lewe geroep is deur sekere onderwysomstandighede.

Verder wys ons daarop dat die sosiologiese beskouing oor die onderwys as deel van die opvoeding in sy gebondenheid aan tyd en plek baie sterk beïnvloed word deur die sosiale milieu in sy historiese bepaaldheid.

Vanuit hierdie hoek in die historiese kontinuïteit gesien, hang die onderwysbehoeftes onafskeidelik saam met die samelewing soos dit ervaar word, deurdat die mens o.a. ook op onderwysgebied voor vraagstukke en praktiese probleme gestel word wat nie net om 'n oplossing vra nie maar ook die onderwerp van die denke geword het.

Die funderingsfunksie van die onderwyserskorps se ontstaansgeskiedenis het 'n aanvang geneem met die toentertydse landelike gemeenskap volgens sy aard en wese in sy verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse.

Die onderwys tydens die landelike aard van die toentertydse Kaapse gemeenskap was, afgesien van die ekonomiese produktiwiteit van die huisgesinne as lewenseenhede wat selfvoorsienend en -versorgend was, ook die sentrale instansie vir die opvoeding en onderwys, die opleiding en die vorming van die opgroeiende geslag langs vrywel die hele linie.

Die verdere uitbreiding en ontwikkeling aan die Kaap was geografies in 'n noordelike en noord-oostelike rigting tot op die voorposte aan die Oosgrens; deur die georganiseerde Groot Trek; oor die Oranje na Natal en oor die Vaalrivier. Hiertydens vind ons reeds skoolmeesters: die periode van die katkisasiemeesters. Die inisiatief was privaat en het uitgegaan van 'n gesin of groepe ouers, wat die indiensneming en voorwaardes self gereël het.

Die Voortrekkers, die Pioniers in Transvaal en die O.V.S., was, net soos hulle voorgeslagte, verantwoordelike kultuurdraers en -oordraers, besiel met 'n roepingsbewustheid en het hulle intens beywer vir die onderwys van hulle kinders.

Geskiedkundige gebeurtenisse, handelinge en verhoudinge lê ineengeweef met die invoer van Hollandse onderwysers deur staatsoptrede, die ontdekking van diamante, later van goud, die stigting van dorpe en die toestroming van buitelandse fortuinsoekers, wat maatskaplik, ekonomies en staatkundig sy invloed op die onderwysaangeleenthede laat geld en nuwe behoeftes en probleme geskep het.

Sedert byvoorbeeld die eerste gevoel tot koördinasie van die onderwys in die Transvaal (Z.A.R.) is 'n voorlopige komitee op 28 Januarie 1893 in die lewe geroep as die eerste daadwerklike stap in die doelbewuste voorbereiding vir die 1893-Konferensie in April.

Van meet af aan was byvoorbeeld die tweede Superintendent van Onderwys in Transvaal, dr. N. Mansvelt, ten gunste van so 'n onderwyskonferen-

sie, wat inspireer tot die stigting van die eerste onderwysersvereniging in die Transvaal op 15 April 1894.

'n Konsepstatute en konsep-huishoudelike reglement is opgestel en op die Tweede Algemene Onderwyserskonferensie, vanaf 26 tot 29 Maart 1894, voorgelê as daadwerklik die belangrikste t.o.v. stigting, nl. van die V.V.O.O.Z.A. kenmerkend was uit die staanspoor die probleme t.o.v. die „taal" waarby Hollands- en Engelssprekende onderwysers betrokke was.

Uit die eerste offisiële Algemene Vergadering in 1895 is gebore Het Christelijk Schoolblad, 'n eie orgaan en opvoedingsgeskrif, wat belangrik was vir die nog te stigte T.O., waaraan die meeste en veral laerskoolonderwysers maar ook hoërskoolonderwysers en onderwyskollegedosente vandag behoort.

Ná die baie belangrike C.N.O.-periode volg die tydperk van rekonstruksie en koördinasie vanuit Pretoria nog met die V.V.O.O.Z.A., wat in 1907 offisiële erkenning verkry het [1].

Op die 26ste jaarvergadering van die V.V.O.O.Z.A., na die tydperk van organisasie en wel administratiewe reorganisasie, is op 1 Mei 1923, op voorstel van Greybe-Basson artikel 1 van die Statute gewysig en is die naam van die Vereniging sindsdien „Transvaalse Onderwysersvereniging".

Met verwysing na A.H. du Preez van Wyk kan ons t.o.v. die T.O. (wat verreweg die grootste

---

1. Het Christelijk schoolblad. 1 Januarie 1908.

vereniging in S.A. is en reeds die 10,000-ledetal lankal oorskry het) die wortels daarvan in die geskiedenis indeel in die volgende fases: „Onderwystoestande tydens die ontstaan van die Vereniging; ontstaan van die Vereniging(1893-1894); die vooroorlogse periode van die Vereniging (1893-1899); Onderwysersorganisasie gedurende die Driejarige-Oorlog 1899-1902; die periode van rekonstruksie (1903-1907); die periode van offisiële erkenning" [2].

Die offisiële erkenning van o.a. die T.O., as onderwyserkorps dagteken 'n funksieverlies van die gesin, wat egter 'n dubbele wins vir die kind is in die sin en betekenis van soewereiniteit in eie kring van die skool, nl. dat 'n delegering van Ouergesag t.o.v. die onderwys van hulle kinders aan die onderwyserskorps oorgedra is.

b. <u>Die bestemming van die onderwyserskorps</u>.

Die onderwyserskorps het in die verskillende roepings in sy vervlegting met die eenheid en verskeidenheid van die lewenskringe 'n spesiale taak en roeping, waarvoor alle onderwysers opgelei word vanuit 'n bepaalde lewens- en opvoedingsbeskouing. Maar ook die indiwiduele onderwyser is in sy vervlegting met die samelewing en kultuur - die samelewingsvorme, -verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse - die aksiesentrum in die wisselwerking tussen hom en die samelewing in die wedersydse beïnvloeding, vorming en onderhouding van die samelewing en sy

---

2. du Preez van Wyk, A.H.: <u>Die geskiedenis van die Transvaalse Onderwysersvereniging 1893-1923</u>.

kultuur, wat in relatiewe sin die resultaat is van sy skeppende en vormingsvermoë.

Gepaard hiermee het die onderwyser 'n spesiale roeping, nl. die van onderwys en opvoeding. Die onderwyserskorps word gekwalifiseer deur onderwys en opvoeding as sy leidende funksie of werksaamheid.

Die kwalifiserende funksie van hierdie gestigte organisasie is sy spesifieke roeping, wat hom 'n besondere taak oplê. Hierdie taak geskied volgens die positivering tot norm van die Bybelse algemene prinsipe, nl. „sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (2Timótheus 3: 17). Die positivering tot norm geskied deur die teoretiese opvoedkundige soos hy die Christelike wysbegeerte in sy vak beoefen, waardeur elke lid van die onderwyserskorps voortdurend gelei en gerig word deur sy persoonlike verantwoordelikheids- en normbesef: sy persoonsroeping.

Hiermee is enersyds die bestemming van die onderwyserskorps aangetoon en andersyds die doel wat daarin opgesluit lê. Om hierdie doel te bereik het die onderwyserskorps 'n taak, 'n verantwoordelike roeping van die onderwys en opvoeding in die gees soos Mansvelt dit gestel het: „Gij onderwijzers, gij zijt geen huurlingen, die enkel werkt voor geld, maar mannen en vrouwen met een verheven taak en 'n heilige roeping: te arbeiden voor't tÿdelijk en eeuwig heil, voor't stoffelijk en geestelijk welzijn van de Kinderen van ons Volk".

Die onderwyserskorps dien o.a. die groot saak van volksopvoeding op die grondslag van die woord van God, omdat daarin die dienste verborgenhede omtrent die wese en die bestemming van die mens opgesluit lê.

Met wat uit die ontstaansgeskiedenis van die onderwyserskorps weerspieël word, is die doel van hierdie organisasie die bevordering van Christelike-nasionale onderwys, 'n doelstelling gegrond op 'n vaste geloofsvertroue in 'n absolute God in wie se Raadsplan die verlede, hede en die toekoms opgesluit en beslote lê, wat ook ons voorsate gelei het. Hierin is die onderwyserskorps geanker, en uit die Suid-Afrikaanse volksverlede put dit krag en inspirasie.

Die stewige fondament van hierdie organisasie met sy gesonde grondslag, grondbeginsel, doel, middele en lede is die Calvinistiese lewens- en opvoedingsbeskouing, wat die gesonde balans in die onderwys en opvoeding handhaaf in die tradisie en volgens die ideale vir die ontwikkeling en vorming van die persoonsroeping as die noodsaaklike voorwaarde vir die gesonde bestaan en voortbestaan van die gemeenskap.

Samevattend gesien, word die bestemming van die onderwyserskorps bepaal deur sy besondere gekwalifiseerde roeping om die jeug voor te berei vir deuskant sowel as anderkant die graf. Hierin lê begrepe die grondslag, die grondbeginsels en die doel van die onderwyserskorps om in die onderwys en opvoeding die eer van God tot heil van die skepsel te soek en te vind. Dit is

die onderwyserskorps se gesamentlike maar ook en veral die indiwiduele onderwyser in wisselwerking met sy organisasie se afsonderlike heerlike taak, nl. die bevordering van 'n Christelike en nasionale opvoeding in en deur die skool.

Om hierdie taak te kan verrig is daar sekere funksies wat die onderwyserskorps moet uitvoer.

c. <u>Die onafskeidelike korrelasie tussen die funderingsfunksie en die bestemming van die onderwyserskorps se roeping in die skool.</u>

Daar bestaan 'n onafskeidelike korrelasie tussen die onderwyserskorps soos dit tot stand gekom het, en die taak en roeping van die huidige onderwysersorganisasie. In die funderingsfunksie lê opgesluit die roepingsbesef en -bewustheid, terwyl in laasgenoemde vervat is die toon en gees van die grondslag. Rondom hierdie twee funksies vind ons 'n vaste volgorde van funksies wat bo en onder mekaar gestel, op mekaar toegeskape en toegeorden is in samehang met die struktuurgeheel van die onderwyserskorps, om die geheel te maak tot wat dit is en behoort te wees.

Sosiologies het hierdie funksies eers sin en betekenis wanneer dit met die struktuuranalise benader word. Soos reeds aangemerk het die onderwyserskorps 'n gemeenskaplike grondslag en doel wat sy lede 'n gemeenskaplike taak, d.i. funksies, oplê om dit te bereik. Daar word besin en gearbei in hierdie organisasie om sy doel te verwesenlik.

Opvoedkundig-sosiologies het ons te make met die beïnvloeding van die indiwidu-en-die-groep:

die onderwyser as lid van die onderwyserskorps. Jaarlikse kongresse word gewoonlik in April gehou, waarin groot getalle afgevaardigdes van takke byeenkom op 'n bepaalde plek en op gesette tye vir besprekings rakende onderwysaangeleenthede en -vraagstukke. Aan al die aspekte van die onderwys en opvoeding word aandag gegee: godsdienstige, etiese, gesag en tug, estetiese, ekonomiese, sosiale, taal, kultuur ens., wat belangegroepe bespreek en waaroor hulle besluit.

Die onderwyserskorps het wetlike status en het van owerheidsweë offisiële erkenning gekry. Die onderwyserskorps is in hierdie sin die enigste wetlike en demokratiese kanaal waardeur selfs 'n indiwiduele lid se probleme deur middel van sy tak, via die hoofbestuur aan die kongres voorgelê kan word. Die bepaalde onderwysersvereniging, bv. die T.O., verleen in 'n beperkte mate gratis regshulp aan sy lede. Maar ook in hierdie sin besit die onderwyserskorps as ('n) selfstandige vereniging soewereiniteit in eie kring in dieselfde mate as die oordrag van ouergesag aan die skool. Die onderwyserskorps beskerm die belange van sy lede op hierdie terrein, maar ook die ander samelewingsvorme moet dit erken.

Ook op ekonomiese gebied, d.i. finansieel, dra die onderwysersvereniging nie slegs die tydelike stoflike welvaart van sy lede op die hart nie maar beywer hom daadwerklik vir die verbetering van byvoorbeeld die salarisse van sy lede, verleen finansiële steun aan liefdadigheidsorganisasies, ens. Dit is egter nie sy hooftaak nie.

Die onderwyserskorps beywer hom vir die eennasiewording deur middel van die twee offisiële landstale in die skool en die gemeenskap te onderwys.

Hieruit vloei voort die samelewingsverhoudinge tussen die blanke bevolkingsgroepe maar ook in die jongste tyd tussen die blanke skoolkind en die Bantoe in die onderwys om beter tussenmenslike verhoudinge.

Sonder om in die besonderhede te tree aangaande die verdere sosiologiese struktuuranalise van die onderwyserskorps wys ons daarop dat die amptelike maandblad, nl. Onderwysblad vir Christelike en nasionale onderwys en opvoeding, van die T.O., die N.O.U. en die S.W.A.O.U. beskouinge oor al die aspekte en vraagstukke van die onderwys soos bv. kunswedstryde, die kulturele skoolvakke, godsdiensonderwys ens., van sy lede publiseer.

Gepaard hiermee word ook nuus verstrek omtrent sy verenigingslewe soos taknuus, takvergaderings, bevorderingslyste van sy lede, persoonlike nuus soos verlowings, huwelike, geboortes, ens., en boekaankondigings en -besprekings. Elke uitgawe bevat 'n hoofartikel. Verder word jaarverslae, finansiële verslae en kongrestoesprake en -besluite ens., daarin gepubliseer.

Samevattend gestel, is die waarde van die onderwyserskorps in die eerste plek geleë op die gebied van die ideële, wat 'n onuitputlike stukrag en inspirasie op verskeie terreine is,

o.a. die samewerking tussen skool, huis, kerk en Staat.

Die ideale van die onderwyserskorps inspireer die bekwame onderwyser tot hoër hoogtes, tot wisselwerking met sy kollegas t.o.v. onderwysmetodes en tot studie op onderwys- en opvoedingsgebied.

Die fynbeskaafde onderwyser is van binne gedissiplineerd - hy kan leiding gee, maar, en bowenal, hy kan leiding aanvaar. Vir die oortuigde lid as roepingsgetroue arbeider bestaan sy status nie uit geld nie maar uit innerlike vreugde wat hy put uit sy arbeid aan skepsele van God tot God se eer en tot heil van sy medemens. Bowenal besef hy sy verantwoordelike roeping in sy rentmeesterskap wat God van hom sal afeis. Daarom sal sy lewe, handel en wandel die stempel dra dat hy gebind word deur 'n geskrewe gedragskode van byvoorbeeld die T.O.D., wat maar die norme en wette van God is wat gehandhaaf en waar gemaak moet word.

Hiermee is 'n kort uiteensetting gegee van die sosiaal-kulturele lewensfunksies waarvan die onderwyserskorps die draer en oordraer is op sy lede, wat op hulle beurt dit uitbou in ons laerskole met sy tienduisende leergierige jeugdiges.

Alvorens afgesluit word, wys ons egter daarop dat in die vervlegting van die onderwyserskorps met die ander samelewingsvorme hulle gekoördineerd langs mekaar staan. In die vervlegting van die indiwiduele onderwyser as aksiesentrum

in die onderskeie samelewingsvorme, met sy algemene en sy spesifieke roeping, gaan geen onderwyser in die onderwyserskorps of in die skool op nie. Daarom kan nòg die skool nòg die onderwyserskorps nòg die kerk of watter samelewingsvorm ook al die mens volkome vir homself opeis. In die hart van die mens as sy bestaansentrum, waaruit alle lewensuitinge kom, gaan hy alle tydelike betrekkinge te bowe, want in sy hart as die poort van sy lewe besit hy die volste mate van vryheid, terwyl hy na sy „diesseitige" bestaan tegelykertyd funksioneer in 'n veelheid van gemeenskaps- en maatskapsverhoudinge.

3. 'n Tentatiewe leergang vir Opvoedkundige Sosiologie by die opleiding van onderwysers.

a. Inleiding.

Wanneer die sosioloog die opvoedingsproses bestudeer, dan besien hy dit in die lig van die samelewing, wat tegelyk die bron en die doel van persoonsnuanseringe is. Die implikasie van hierdie stelling, nl. dat die mens èn indiwidu èn sosiale wese is, word met die genetiese opvatting van die opvoeding duidelik met 'n aanhaling uit Waterink: „De opvoeder heeft te kennen de ziel van den mensch en de groeiwetten voor die ziel, die de (beschrijvende) kinderzielkunde hem leert; hij heeft ook de samenleving uit welke het kind komt, en tot welke hij't kind opvoedt te kennen; maar daarmee heeft hij ook al de hulp, die hij behoeft" [1]. Mannheim noem die

1. Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek, deel I, p. 197-198.

sosiale vakwetenskap by sy naam as hy dit by die opvoedingsproses soos volg stel: (a) „that the control of modern society is impossible without intimately knowing how that society works,... (c) that education has little meaning without constant reference to the society in which the educated will have to live, or in other words that especially the training of teachers remains incomplete without an adequate knowledge of sociology" [2].

Die ontwerp van 'n opvoedkundige sisteem is die taak van die teoretiese opvoedkundige en vereis 'n deeglike studie van die hele veld van die Opvoedkunde, waarby o.a. dan ingesluit is die sosiologiese beskouing oor die opvoeding. Maar die sosiologie van die opvoedkundige lewensterrein beskou die opvoedkundige moontlikhede en wenslikhede altyd in samehang met die samelewingsvorme van die tydelike werklikheid, d.i. in die sosiale orde, omdat die opvoedkundige en die onderwyser sy taak en roeping wil koördineer met die invloede wat afkomstig is van die gesin, die gemeenskap, die kerk, die arbeids- en werkkringe, staatlike instellinge, ens. „He is therefore bound to understand the sociological nature of these institutions in order to assess their educational contribution" [3].

Die vakwetenskaplike karakter daarvan bestaan in die eie spesifiek sosiologiese belangstelling wat hom rig op die dinamiese aard van

2. Mannheim: Sociology and education, p. 4.

3. Ibid., p. 6.

die samelewing. Vanselfsprekend val die klem op die konstante samelewingsvorme, t.w. die huisgesin, die kerk, die staat, die bedryf, die wisselwerking met en beïnvloeding daarvan, elkeen op sy eie wyse met betrekking tot die skool, en omgekeerd die wisselwerking en invloed van die skool met betrekking tot die samelewing en die positiewe norm in die konkrete lewensituasies vir die indiwidu.

Ons het in sy wese hier te make met die plek van sekere geesteswetenskappe, met besondere verwysing na die plek van Sosiologie in die opleiding van onderwysers.

Sonder om egter in besonderhede te tree wys ons daarop dat in die Teoretiese Opvoedkunde, die sosiologiese aspek, t.w. die Opvoedkundige Sosiologie, struktuurwetenskap is. Van Dyk stel dit soos volg: „Ook als aspectsociologie blijft onze wetenschap totaliteitswetenschap, de wetenschap van die individualiteit en van de individuele orde in de samenlevingsstructuren en handelingen" 4). Met ander woorde, waar die sosiale vakwetenskappe aspekvakwetenskappe is en slegs een aspek of kompartement abstraheer en hulle sisteem daaromheen bou, daar verskil die Opvoedkundige Sosiologie, omdat ons hier te make het met die samehang en verband van die onderskeie samelewingsvorme as geheel, wat nie net neweskikkend en gekoördineerd langs mekaar staan nie, maar die dinamiese strukturele orde van elkeen, d.w.s. die besondere aspekte wat elkeen 'n bepaalde plek het in die toe-

---

4. Van Dyk: Mens en medemens, p. 230.

geskape aard, wese, roeping, taak en bestemming in die samelewingsvorm waardeur dit gekwalifiseer word. Die aspekte wat in die wetskringe saamhang en as modale aspekte bekend staan, is die van die getal, ruimte, fisiese, biotiese, psigiese, analitiese, historiese, linguïstiese, sosiale, ekonomiese, estetiese, juridiese, etiese en die pistiese. Hulle vorm die eenheid, die dinamiese strukturele orde van die onderskeie samelewingsvorme: die huwelik, gesin, skool, kerk, staat, bedryf ens. Hierby kom ook nog die maatskapsverhoudinge.

Skrywer se kontensie is nou dat, aangesien die Opvoedkundige Sosiologie die dinamiese strukturele orde van die samelewing op die opvoedkundige lewensterrein as selfstandige tak van wetenskap behandel, dit eerder 'n studie verg van die sosiale aspekvakwetenskappe en daardie gegewens moet benut in die kader van die Opvoedkundige Sosiologie, aangesien Sosiologie naas andere, die hulpwetenskap van die Pedagogiek is, wat die empiriese feite lewer om gebuig te word onder die norme wat die Teoretiese Opvoedkunde daarstel. Op hierdie wyse gesien en benader val die wysgerige ondergrond van die tipiese strukture van die empiriese samelewing, waarvan die wysgerige afhanklik is van die religieuse grondmotief wat ook sy uitgangspunt vorm, saam met die van die Teoretiese Opvoedkunde. Die positiewe Sosiologie se bydrae tot die opstel van 'n opvoedkundige sisteem, is die taak van die teoretiese opvoedkundige.

Slegs in hierdie lig bly die Opvoedkundige Sosiologie getrou aan sy eie wetenskaplike sinkern en aan die kernstruktuur van sy eie veld van ondersoek, d.w.s. die sosiale: die mens en kind as indiwidu èn tegelykertyd as sosiale wese, wat tot roeping het alle samelewingsvorme waarin God hom geplaas het in die vorming en ontwikkeling van die kind se persoonlikheid, om in èn deur die samelewing te beskik oor 'n eie verantwoordelikheids- en normbesef deur middel van 'n volwaardige opvoedingsproses vir 'n persoonsroeping.

Ook by die opleiding van onderwysers word die vereiste van 'n Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing gestel: die transendente, wat in hulle arbeid weerspieël moet word: die voorbeeld wat trek, maar, en veral, die handhawing van die Godgegewe wette en norme wat waar gemaak moet word in die lewe van èn onderwyser èn kind èn owerheid èn die samelewing as geheel.

In die voorgaande het ons enersyds te make met die bestudering van die Teoretiese Opvoedkunde deur aspirant-onderwysers, en andersyds hou dit ook in die sosiologiese vorming en oriëntering van die aanstaande onderwyser.

Allerweë word die belangrikheid besef <u>nie</u> van die mode van „human relations" nie maar dat die hele Westerse Wêreld in 'n krisistydperk lewe en verkeer. Daar word allerlei pessimistiese beelde geskets van 'n nuwe orde in bv. <u>Die Untergang des Abendlandes</u> van Spengler en in die werke van Toynbee[5].

---

5. Toynbee, A.J.: <u>Civilization on trial</u>; 1948, hoofstuk 2.

Inderdaad word nie voorgegee dat die Sosiologie wysbegeerte of 'n allesomvattende ensiklopediese wetenskap, ens., is wat die „heil" vir die mens, sy samelewing en kultuur kan bewerkstellig deurdat dit 'n onfeilbare resep kan lewer nie, maar dat die Sosiologie 'n kennisbydrae lewer tot die studie van die dinamiese strukturele orde van die menslike samelewing, van die bonte verskeidenheid van ineenverweefde sisteme van tussenmenslike verhoudinge, waarin die mens die aksiesentrum is. Chinoy skrywe: „Society cannot exist without culture and culture exists only within society" [6]. Davis sê: „Culture is therefore a profound possession that ramifies throughout human life and accounts for all man's truly unique qualities. It adds extra dimension to existence, and makes human what would otherwise be merely animal" [7].

Maar verder staan ook die Opvoedkundige Sosiologie as 'n hulpwetenskap van die Teoretiese Opvoedkunde op gesonde grondslag.

b. <u>Die kursus in Opvoedkundige Sosiologie moet strek oor minstens twee jaar</u>.

Die skool en die hele opvoedingswese kom in hierdie krisistoestand in die gedrang, en aangesien in Suid-Afrika by geeneen van die onderwysopleidingsinrigtings of universiteite voorsiening vir hierdie kursus gemaak word nie, spreek dit vanself dat die jongmense, wat tot die onderwysberoep gaan toetree, baie bevatlik is

---

6. Chinoy: <u>Sociological perspective</u>, p. 10.

7. Davis: <u>Human society</u>, p. 3.

vir haas enigiets wat aan hulle kritiese vermoëns voorgehou word.

In hierdie verband wil skrywer daarop wys dat selfs pedagogoë struikel omdat geen diepgaande wetenskaplike studie van hierdie ondermynende rigting gemaak word nie, wat wil nog sê jong, onervare, onryp studente by wie die kritiese akademiese en professionele prinsipiële visie en vermoë ontbreek ! Let o.a. op die volgende: „Oor wat presies bedoel word onder die begrip „Sosiale Studies", wat 'n nuwe ontwikkeling is in die rigting van 'n meer gesosialiseerde onderwysplan in verskillende demokratiese lande, kan nog nie 'n afdoende antwoord gegee word nie" 1). Die antwoord is reeds vooraf met die fenomenologiese standpunt en metode gegee, en word bevestig met 'n aanhaling wat <u>die</u> ontwikkelingsrigting aandui: „Russell sien 'n wêreldregering" 2), d.i. tussen die Verenigde State en Rusland.

c. <u>Uiteensetting in hooftrekke van 'n tentatiewe kursus in Opvoedkundige Sosiologie vir die opleiding van onderwysers</u>.

A. (1) Die Opvoedkundige Sosiologie as struktuurwetenskap wat naas andere die hulpwetenskap is wat die empiriese gegewens vir die Teoretiese Opvoedkunde lewer met:

---

1. du Plessis, P.J.J.: „Aspekte van Sosiaal- Pedagogiese Vernuwing van Onderwys in Suid-Afrika" in <u>Opvoedkundige studies</u>. Uitgegee deur die Werkgemeenskap ter Bevordering van die Pedagogiek as wetenskap; Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit Pretoria, nr. 5, Tweede jaargang: Referaat gelewer voor 'n vergadering van die Werkgemeenskap ter bevordering van die Pedagogiek as Wetenskap op Vrydag, 12 Maart 1954; p. 20-21.

2. <u>Die Vaderland</u>; 6 Oktober 1959; p. 5.

(a) die struktuuranalise van die huwelik, die huisgesin, die sigbare tydelike kerk as samelewingsvorm, die staat;

(b) die spel en spelgroep, met besondere verwysing na die vraagstuk van vryetydsbesteding;

(c) die arbeid en die arbeidsgroep, met besondere verwysing na die bedryf (werkverband); die wese van die arbeid.

(2) In bg. verband in die sosiale orde die menslike samelewing as geheel:

(a) Universaliteit van die pedagogiese werksaamheid;

(b) universaliteit van die pedagogiese werksaamheid:

(i) en roeping;

(ii) en die sosiale prosesse van: samewerking, wisselwerking, kompetisie, konflik;

(iii) en sosiale verandering; beheer

(iv) en die kultuurpatroon, kultuuroordrag;

(v) en die menslike samelewingsvorme en kultuur.

(3) Sosiologiese struktuuranalise van die skool as samelewingsvorm in opvoedkundige sosiologiese sin en betekenis:

(a) die wedersydse wisselwerkende beïnvloeding en vorming tussen die skool en die samelewing;

(b) die belangrikheid van die norme en feitlike gegewens vir die Teoretiese Opvoedkunde, en omgekeerd die positivering van die norme op die konkrete sosiale situasies.

(4) Vervlegting, integrasie, differensiasie en spesialisasie.

(5) Die mens, die samelewing en die kultuur as 'n drie-eenheid.

(6) Die Sosiale Studies: Analise en prinsipiële beskouing t.o.v.:

(a) Mens- en kindbeskouing,

(b) doelstelling,

(c) inhoud van die leerstof,

(d) metode en tug,

(e) organisasie.

B. (1) Die krisis in waardes.

(2) Die krisis in die menslike samelewing:

(a) Historiese oorsig van die groot oorgange;

(b) invloed op die opvoeding en onderwys;

(c) indiwidualisme-kollektivisme.

(3) (a) Die roeping en taak van die onderwyser in hierdie kultuurkrisis;

(b) die plek, taak en bydrae van die jeug in die menslike samelewing;

(c) die stad en platteland oor die algemeen en in die besonder in Suid-Afrika.

(4) Die faktor van gesag, die fundamentele by die opvoeding en onderwys.

Uit die voorgaande blyk duidelik dat die student in die algemene Sosiologie ingelei moet word om vanuit

hierdie agtergrond dan die Opvoedkundige Sosiologie te bestudeer. Ten minste drie lesperiodes per week is noodsaaklik om die omvang te dek. Die sosiologiese perspektief waaroor die opvoeder moet beskik, sal dan ook rekening hou met die eiendomlike gawes, talente, vermoëns, neigings en geleenthede van die opvoedeling, nie net teen die agtergrond van sy huislike milieu nie maar ook om sy blik vorentoe te rig om deur middel van die analitiese en estetiese interpretasie van die onderwys, die kind se oë te open vir die waardering en aktiewe deelname aan die skoonheid van die geskapene waarmee sy lewenstoerusting gevul word vir 'n eie plek in die geskiedenis as persoonsroeping. "..... the genuine educator does not merely consider individual functions of his pupils, as one intending to teach him only to know or be capable of certain things; but his concern is always the person as a whole both in the actuality in which he lives before you now, and in his possibilities, what he can become" [3].

In die kader van die Teoretiese Opvoedkunde behoort die lewenstoerusting van die aanstaande onderwyser ryper en voller te wees om met die gesonde opvoedkundig-sosiologiese beskouing (empiriese gegewens) naas andere die volgende te begryp en te verwesenlik by die opleiding van onderwysers.

---

3. Buber, M.: <u>Between man and man;</u> Kegan Paul, London, 1947; p. 104.

4. <u>Geskiedenis, Aardrykskunde en Natuurkennis moet afsonderlik gedoseer word: elkeen as 'n selfstandige laerskoolvak.</u>

<u>Geskiedenisonderwys op laerskool</u> hou ook die oog gerig op reformasie, waarmee die voortgang en voortgangsnorm volgens die aard en wese van die geskiedenis nie vernietig word nie, maar dit handhaaf inderdaad die innige band van die verlede met die hede en toekoms. Die algemene modale norme as maatstawwe wat op die geskiedenis toegepas word, is nie net die sosiale modale norm nie maar ook die godsdienstige, sedelike, juridiese, ekonomiese, estetiese, linguistiese en die logiese, maar dan ook so dat die algemene modale norme nie tot mekaar herleibaar is nie, omdat elkeen sy bepaalde plek in die kosmiese orde het.

Die tradisies, as die behoudende mag van die verlede, word gekoppel aan die progressie om dit gesond te rem, sodat die reformasie egte, ware en diepgaande vooruitgang is.

Die wese van Geskiedenis moet voortvloei uit die gees van die interpretasie by die onderrig, en wel in verdunde melk-vorm, sonder om van die kinders historici te wil maak - d.i. Geskiedenis en sosiale visie: geskiedenis as 'n vorm van kennis om indiwiduele en sosiale gesindhede en sosiale besluit gesond te ontwikkel en te vorm.

Slegs op hierdie wyse behou Geskiedenisonderwys sy diepgaande waarde in die bo-sosiale aspekte van die volle tydelike werklikheid, en daarom moet Geskiedenis volgens sy aard en wese afsonderlik op die laerskool-lesrooster verskyn en in korrelasie met die ander skoolvakke in die gees van Psalm 78 gedoseer word as finaliteitsdoelstelling.

Die onderwys van Aardrykskunde en Natuurkennis volgens hulle aard en wese in die laerskool hou die oog gerig op die analitiese en estetiese interpretasie van die geskapene, wat die pragmatiese nut daarvan in die voorsiening van die materiële behoeftes van die mens en die samelewing impliseer. Hieragter lê egter die innerlike kultuur van die mens en die groep in die uitvoering van gemeenskaplike doelstellinge in die bevrediging van materiële behoeftes, wat saamhang met die hoëre kulturele lewensfunksies van die mens.

Die natuurwetenskaplike gees wat by die Natuurkennis uitgebou en gevorm moet word, word ingespan om gebruiksvoorwerpe te skep. Hieragter lê die beskawingspeil en meer spesifiek die tegniese middele ter bevrediging van die materiële kultuur wat die resultaat is van die subjektiewe kultuur en hom manifesteer in indiwiduele en gemeenskaplike arbeid en prestasies op die onderskeie terreine.

Volgens hierdie beskouing moet Aardrykskunde en Natuurkennis afsonderlik in die laerskool gedoseer word met inagneming van korrelasie tussen hulle, maar ook met Geskiedenis.

Ons wys die beginsel van „fusion" e.a. in die Sosiale Studies en die sg. geïntegreerde ervaringsveld van die hand en aanvaar wisselwerking in hulle onderlinge korrelasie sonder die vernietiging van die aard en die wese van die afsonderlike selfstandige skoolvakke: Geskiedenis, Aardrykskunde en Natuurkennis as middele om bepaalde en verskillende doelstellinge met die onderwys as deel van die opvoeding te bereik.

LIBRARY